NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

07 Augustus 2020: Nr 23/2020

Warm nuus

Dag van Gebed: 16 Augustus

Soos berig in verlede week se Verskil, nooi die moderatuur gemeentes in die Noordelike Sinode om Sondag ***16 Augustus*** spesiaal in te rig as 'n Dag van Gebed. Die tema is "Hoe lank nog?" en fokus op die Covid-19 pandemie en al die implikasies daarvan.

Kliek hier vir die voorgestelde liturgie. Dieter de Bruyn het dit opgestel en dit sluit 'n gebed van Neels Jackson in. Dit is nie bedoel as 'n voorskrif wat elkeen slaafs hoef na te volg nie, maar tog wel met die versoek dat ons almal saam met die klag voor God kom staan. Dit is tog nie sonder betekenis om saam as kerkverband iets soortgelyks te doen nie.

Lentekonferensie 2020: Brosjure



Die brosjure vir die konferensie is nou beskikbaar en kan hier gelees word.
Datum: ***14-18 September 2020***
Tema: 'n Roetekaart: Van wond tot verwondering
Navrae: Vir enige navrae kontak Rika by excelsus@up.ac.za
*** Om in te skryf, kliek op die skakel**: https://forms.gle/kBGxBnYJtyBB2aL89.

Pensioen

Kliek hier vir 'n belangrike skrywe *aan alle werkgewers van die Predikante- en Amptenare Pensioenfondse oor die samesmelting van dié twee fondse.*
* Die skrywe bevat belangrike inligting oor die fooie (wat deur werkgewers benodig word om die premies korrek op die web te laai miv 1 September) asook die aankondiging dat die effektiewe datum van die samesmelting ***1 Oktober 2020*** sal plaasvind.

Covid-19: Dokumente

- **Vir vorige dokumente**: **kliek hier**

Covid-19: Stories van Hoop

Ons wil graag in hierdie tyd verhale van hoop met mekaar deel. Gemeentes is welkom om stories van nie langer nie as 150 woorde en twee foto's vir Hermien te stuur by hermien@noordsin.co.za]

- Lees hoe **NG Hartbeespoort,** HOOP deel in hierdie tyd: **Kliek hier.**

Covid-19: Wenke

Ons wil graag in hierdie tyd handevat. Kom ons help mekaar met praktiese wenke. Stuur gerus jou wenk vir Hermien by hermien@noordsin.co.za.

❖ **Begrafnisse tydens Covid-19: Vraelys**
Elke predikant het reeds per epos 'n vraelys ontvang rakende 'n moontlike Zoom-gesprek oor begrafnisse. Die doel is om wenke en inligting met mekaar te deel. Indien jy nog nie die vraelys geantwoord het nie, **kliek hier** om dit asseblief te voltooi. **Navrae**: Kontak Sandra by 079 5272684 of sandra@noordsin.co.za.

❖ **Vir vorige wenke: kliek hier**

Sinodenuus

❖ **Slyp jou Covid-beitels**
Die VBO-Forum, 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes, het in die afgelope tyd verskeie **aanlyn kursusse** aangebied.
Jy sou steeds die volgende kursusse gratis kon volg:
* *Liturgie vir ongekarteerde tye* – Cas Wepener [**kliek hier**];
* *Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd* – Jan-Albert van den Berg [**kliek hier**];
* *Hartsplek* – Nelus Niemandt [**kliek hier**].
Navrae: **Bridget Leibbrandt,** VBO Koördineerder Communitas, T: 021 808 3624 / bleibbrandt@sun.ac.za

❖ **Excelsus**
Besoek: www.excelsus.org.sa
Navrae: Rika van Rensburg [Sekretaresse; excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]
1. **Sinvol besig na aftrede** (3)
   18-19 Augustus
   Aanlyn per Zoom
   25 VBO-punte
2. **Brugbediening** - Die aanvanklike datums het geskuif na *9-12 November en 22-25 Februarie 2021*. Kontak gerus vir Christoph Müller van Groenkloof by cm1882@gmail.com / 082 308 5795 as jy meer oor Brugbediening wil weet.

❖ **Tekslees met 'n verskil**
Datum: Dinsdag ***11 Augustus*** om 11:00
Skriflesing: *Rom 11*
Zoom uitnodiging:
Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

❖ **Bevestiging van selfdegeslagverbintenisse**
Kliek hier vir 'n **dringende skrywe & aansoekvorm** van Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode) aan alle gelegitimeerde predikante wat die opsie wil uitoefen.
* Die *aansoekvorm* moet so gou moontlik aan Sophia [sophiadk@ngkerk.org.za] besorg word.

❖ **Badseloop**
Die **Gedenkblad van Badseloop Jeugkampterrein** het verskyn. Kom op 'n reis deur die geskiedenis daarvan én sy mense, deel in die talle getuienisse van geestelike verryking oor 70 jaar, én verwonder jou aan sy voëls, bome en die raaisel van die warmwaterbron!
Navrae en bestellings: Willus Knipe [082 447 1297 of willus.knipe@gmail.com]
➢ **Kliek hier** vir die bestelvorm.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Kobus Gerber [emeritus] is op *6 Augustus*, in die ouderdom van 69 aan sy hart oorlede. Hy was leraar by Montana (1977), Pretoria (1981), PSD N-Tvl opdrag Jeug (1982), Villieria (1988), Waverley (1996), Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, gekoppel aan Rivieria/Jakaranda (2005), gekoppel aan Hartbeesspruit-Queenswood (2010). Hy was ook skriba en moderator van die Noordelike Sinode.
* Die **Kerkbode** se artikel is **hier** te lees.

Lizl-Louise Schoeman [Monumentpark] se skoonouers is beide in die afgelope tyd aan natuurlike oorsake oorlede.

Willie [WJJ] du Plessis [emeritus] is onlangs oorlede. Hy was onder andere leraar by Wonderboompoort (1957), NGKA Pretoria-Noord/Wintersveld (1964), Evangelisasiesekretaris van N-Tvl (1968), Onderstepoort (1972).

❖ Covid-19 en ons mense

Lizl-Louise Schoeman [Monumentpark] se seun **Rohan** is positief getoets vir die virus en is besig met sy laaste dae van kwarantyn.

❖ Verjaarsdagwense

08/08 Johan Pienaar [Emeritus, 083 376 1860, pienaarjf@telkomsa.net]
09/08 Jan Botha [Mootvallei, 076 481 5683, janbotha1102@gmail.com]
10/08 Francois Smit [Pretoria, 082 348 0699, francosmit@mac.com]
12/08 Simon van den Heever [Rooihuiskraal, 082 468 3678, simvdh@vodamail.co.za]
13/08 Pietie le Roux [Emeritus, 083 271 6593, prouxx@gmail.com]
14/08 Johan Laubscher [Rietfontein-Suid, 083 625 4261, loupie75@gmail.com]

****

08/08 Tiaan Bronkhorst [Rustenburg-Bergsig, 084 219 0541, nadine@ngbergsig.co.za]
10/08 Harriet Avenant [The Reeds, 012-661 9048, jcaven@netactive.co.za]
14/08 Maggie Britz [Pierneefrant, 012-333 8818, driaan@pierneefrant.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Masvingo [**Gestig**: 08/08/1936]
Derdepoort [**Gestig**: 10/08/1946]
Rustenburg-Proteapark [**Gestig**: 11/08/1977]
Elandsrand [**Gestig**: 14/08/1988]

❖ Universiteitsoord 60 jaar

Die gewone *Kaskarfees* moes ongelukkig plek maak vir 'n fees wat by die Corona-reëls hou.

- Hulle verkoop egter steeds **vars vrugte** uit Letsitele: Weeksdae van *13 – 20 Augustus* tussen 10:00-12:00.
- Op *29 Augustus* hou hulle 'n unieke **"Skarrejag"** – 'n skattejag , maar jy gebruik jou kar.
- Daar is ook nog tyd om fiks te word vir die **RoadTrip Run** op *3 Oktober*. Elkeen hardloop waar hy of sy is.

Gaan kyk by **www.universiteitsoord.co.za** vir meer inligting.

Ander nuus

❖ Bybel-Medianuus: Lux Verbi word 70!

Vier saam met ons Lux Verbi se verjaarsdag! Blaai gerus deur die Verjaarsdag-katalogus vir boeke teen 15% afslag. Daar is baie om van te kies!
Hykie Berg is 'n bekende film- en TV-akteur, geliefd en gewild in die hele Suid-Afrika. In sy boeke vertel Hykie Berg sy stories van hoop en oorlewing. Hy vertel van sy verslawing en ook van sy stryd met ADHD.
In Koeke en terte gee die bekende Susan Coetzer jou op 'n skreeusnaakse manier insig in verskillende soorte vroue: Elke vrou is uniek: 'n koek of 'n tert, of iets tussenin. Skreeusnaaks met baie diepte … **Klik hier om die katalogus deur te blaai.**

Naskrif

"My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!
- D.J. Opperman
TAALGENOOT